JANUARIE 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
1 10:00 Erediens Sin.Koll : Zimbabwe NUWEJAARSDAG Geen aanddiens	**2** PUBLIEKE VAKANSIEDAG	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**
8 08:00; 10:00 Eredienste Sin.Koll: Gemeente ontwikkeling Geen aanddiens	**9** 7:00 Bid saam	**10** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur 13:00 Bloedbank	**11**	**12**	**13**	**14**
15 08:00; 10:00 Eredienste Sin.Koll: Gemeentebediening Geen aanddiens	**16** 7:00 Bid saam	**17** 18:00 Getuienis - bediening	**18** SKOLE HEROPEN	**19**	**20**	**21**
22 08:00; 10:00 Eredienste Spes Koll: Kategese 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) KATEGESE REGISTRASIE 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**23** 7:00 Bid saam	**24** **Week van gebed: 22 tot 25 Januarie** 17:30 Nuwelidmaat - bediening	**25** 09:30 Opskoppers	**26** 10:00 Amandelboord	**27**	**28**
29 08:00; 10:00 Eredienste Spes Koll: Erediensbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**30** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**31**	**Bybelstudiegroepe (tydens skoolkwartale)** Dinsdag - 10:00 vir Dames Woensdag - 11:00 vir Seniors Vrydag - 06:00 Mannegroep			

Ons storie

Mosselbaai word die eerste plek in Suidelike Afrika waar die lig van die evangelie aangesteek word toe Bartolomeus Dias in Mei 1487 sy voet hier aan wal sit. Vasco de Gama volg (26 Nov 1497) en Joao da Nova (7 Julie 1501) bou die eerste klipkerkie op 'n heuwel naby die strand. Die dorp moes eers vestig voor ons gemeente baie jare later op 15 Jan 1845 gestig is. Nou het die gemeente, na meer as 170 jaar, gegroei tot 2354 belydende en 575 doop-lidmate. God is steeds met die gemeente op reis.

Ons roeping

Ons gemeente is al meer as tien jaar lank deel van ‘n beweging om nuut te ontdek waarmee God besig is in ons gemeente en gemeenskap en hoe ons daarby kan aansluit. Ons roeping is soos volg geformuleer:

God STUUR ons om, soos Jesus, familie en vriend vir almal te wees.

Ons glo God wil ons gebruik om in Mosselbaai 'n tuiste te wees waar families geluk sal vind, waar oupas en oumas, pa's en ma's en kinders en kleinkinders sal kan lag en kuier. Ons wil 'n plek wees waar mense in Christus, met God as ons Vader, ook “bloed-familie” kan wees, en in 'n veilige ruimte kan liefhê en liefgehê word.

“Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag en die wonderdade wat Hy gedoen het;” (Psalm 78:3-4)

FEBRUARIE 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
			1	**2**	**3**	**4**
5 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes.Koll: Benevolent Park 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**6** 7:00 Bid saam	**7** 14:30 Omgeebediening 17:30 Diakonie	**8**	**9**	**10**	**11**
12 08:00; 10:00 NAGMAAL Sin.Koll: Studentebearbeiding 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) BIDDAG OPVOEDING en ONDERWYSERS 18:00 Kuierkerk/NAGMAAL Snr Kategese (Gr 7-11)	**13** 7:00 Bid saam	**14** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur 13:00 Bloedbank	**15**	**16**	**17** Opskopperfunksie	**18**
19 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: ACVV Ons Huis 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) LYDENSWEKE BEGIN 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**20** 7:00 Bid saam	**21** 18:00 Aksie Samaritaan 18:30 InContext	**22** ASWOENSDAG 18:00 Meditatiewe diens	**23**	**24**	**25**
26 08:00; 10:00 Eredienste **GETUIENISSONDAG** 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**27** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**28**				

Geloof wat leef vorm 'n fokuspunt van ons roeping, en is 'n bediening wat geloof juis in families en in God se familie wil laat leef. Al ons bedienings dink en droom ook oor hoe om hierdie roeping te leef en te beliggaam, elkeen op sy eie manier.

Ons werk saam met Vibrant Faith (SA).
- deur liefdevolle geloofsgesprekke te stimuleer,
- deur toewyding aan die Woord innoverend aan te wakker,
- deur huishoudings by dade van diens betrokke te kry en
- deur familietradisies in die huishouding aan te moedig.

NG MOEDERGEMEENTE
MOSSELBAAI

Die logo simboliseer lewe in oorvloed. Die kruis is aan die hoof, om Christus as die fokus van die gemeente te simboliseer. Die harte is die liefde tussen gemeentelede en hulle liefde vir God. Hierdie liefde straal Goddelike liefde en warmte uit. Die geronde vorms in die logo kan gesien word as vuur, wat die Heilige Gees simboliseer, of watergolwe, wat eie is aan Mosselbaai maar ook 'n konnotasie het met die werk van God. Die logo is dus 'n viering van die liefde en lewe wat God wakker maak in die harte van die gemeentelede. Liefde en lewe wat ook uitgestraal word na die res van gemeenskap en die wêreld. *(Grafiese ontwerper: Krüger van Deventer)*

MAART 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
			1	**2**	**3** WÊRELDBIDDAG VIR VROUE Tentiie-aand Gr R - 3	**4**
5 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes. Koll: Benevolent Park 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**6** 7:00 Bid saam	**7** 13:00 Bloedbank 14:30 Omgeebediening	**8**	**9**	**10**	**11**
12 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: ACVV Onse Rus 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**13** 7:00 Bid saam	**14** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur Leraarsbeplanning 18:00 Getuienisbediening	**15**	**16**	**17**	**18**
19 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Kenani Geen aanddiens	**20** 7:00 Bid saam SKOLE VAKANSIEDAG	**21** MENSEREGTEDAG	**22**	**23**	**24** Opskoppertee	**25** Dissipelskap opleiding
26 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Getuienisbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) NUWELIDMAATVERWELKOMING & GEMEENTEBRAAI 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**27** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**28**	**29**	**30**	**31** SKOLE SLUIT	**1**

Hoe werk die Gemeente?

Die volgende is uitgangspunte vir ons bedieningsmodel:

Gemeente - elke lidmaat het gawes van die Gees en kan (en moet eintlik) 'n bediening hê (vgl Rom 12:1-8)! Lidmate bedien mekaar en die gemeenskap en werk saam in verskillende bedienings.

Kerkraad - saamgestel uit leiers van 10 kern-bedienings, een roeping-ouderling, twee leraars, ‘n proponent en sekretaresse = 15 lede. Daar is die DVK-bediening wat ‘n verteenwoordiger as waarnemer kerkraad toe stuur en tans nog vier verdere bedienings wat soms gevra kan word om ‘n verteenwoordiger te stuur.

Dagbestuur - vergader vir bestuurs- en spoedeisende sake en bestaan uit die voorsitter van die kerkraad, leraar(s), voorsitter finansies, betrokke bedieningsleier en soms ‘n roeping-ouderling(e), indien nodig.

Hoe versorg ons lidmate en mense wat ons pad kruis?

Ons gemeentemodel is ‘n klein kerkraad met bedienings wat bemagtig word om diens te lewer. Ons uitgangspunt is dat Christus en die Gees in elke gelowige leef en aan elkeen gawes gee waarmee hulle mekaar en die gemeenskap moet bedien (Rom 12:1-8). Dit begin nie by die ampte wat lidmate moet bedien nie, maar by lidmate wat mekaar bedien. Leiers en ampte (predikante, ouderlinge & diakens) begelei net hierdie dienswerk. Ons gemeente het nie ‘n wykstelsel nie. Lidmate en ander mense word nou soos volg versorg:

APRIL 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
2 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes. Koll: Aksie Samaritaan DAG VAN DANKSEGGING EN VEROOTMOEDIGING Geen aanddiens	**3**	**4**	**5**	**6** Heilige Donderdag 18:00 Meditatiewe diens	**7** **GOEIE VRYDAG** 09:00 PAASNAGMAAL Spes koll: Omgeebediening	**8**
9 Dagbreekbyeenkoms op Santosstrand 08:00; 10:00 PAASFEES Spes.Koll: Love Chinese Geen aanddiens	**10** GESINSDAG	**11** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur 13:00 Bloedbank	**12** SKOLE OPEN	**13**	**14**	**15**
16 08:00; 10:00 Eredienste Sin. Koll: Jeugwerk 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**17** 7:00 Bid saam	**18** 17:30 Nuwelidmaat - bediening	**19** 09:30 Opskoppers	**20** 10:00 Amandelboord	**21**	**22**
23 08:00; 10:00 Eredienste Sin. Koll: Badisa 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**24** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**25** 18:00 Aksie Samaritaan	**26**	**27** VRYHEIDSDAG	**28** SKOLE VAKANSIEDAG	**29**
30 08:00; 10:00 Eredienste Sin.Koll: Gemeente ondersteuning Geen aanddiens	**Bybelstudiegroepe (tydens skoolkwartale)** Dinsdag - 10:00 vir Dames Woensdag - 11:00 vir Seniors Vrydag - 06:00 Mannegroep					

Onderlinge sorg: Lidmate versorg mekaar, ondersteun mekaar, bid vir mekaar, soos die beeld van die kerk as liggaam van Christus of huisgesin van God veronderstel (bv. die 63 "mekaar" tekste in die NT)

Bedieningsorg: Dis veral bedienings soos Familie-bediening, Kleingroepe, Seniors, Omgee en Aksie Samaritaan wat versorging m.b.t. spesifieke behoeftes behartig en waar lidmate volgens gawes en roeping werk. Leiers van bedienings sorg ook vir medewerkers en vorm 'n span wat vir mekaar in 'n bediening of 'n kleingroep sorg.

Predikante sorg: Die predikante se fokusse vir hulle bediening behels o.a. die volgende:

- Tyd met God: Dis eerste verantwoordelikheid, o.a. deur geestelike dissiplines (bv. Woord en gebed).
- Eredienste en optredes: Voorbereiding sluit navorsing, preekmaak, beplan van liturgie, kunste, in en daarby kom optredes by begrafnisse, troues, skole, byeenkomste ens.
- Bedieningsbegeleiding: Dit sluit die werf en begelei van leiers, motivering, medewerking en toerusting in.
- Pastorale sorg: Naas die onderlinge sorg, wil mense soms wel die pastorale sorg van 'n predikant hê. Dit werk dan op 'n basis van vrye assosiasie, vanuit kontak met hulle bedieningsfokusse en op aanvraag van enige persoon af. Dit kan dan enigiets insluit – soos gesprekke oor God, kerk, huweliksvoorbereiding, -beraad, gesinsorg, krisis- en traumaberading, hospitaalbesoek, sterwensbegeleiding, begrafnisse ens.
- 'n Pastorale spreekkamer is by die Gemeentehuis beskikbaar gestel vir berading en terapeutiese hulpverlening. Dis 'n veilige toevlugsoord vir mense met: neerslagtigheid, persoonlike- of werkskrisisse, familie-, verhoudings-, huweliks-, geloofsprobleme, rousmart, ens. Mense wat hulp verlang kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr Ben Joubert (082 921 0348).

MEI 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
	1 WERKERSDAG	**2** 13:00 Bloedbank 14:30 Omgeebediening	**3**	**4**	**5**	**6**
7 08:00; 10:00 Eredienste Sin. Koll: Arbeidsbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) ARBEIDSONDAG & SINODALE BID- EN DANKDAG 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**8** 7:00 Bid saam	**9** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur SINODESITTING: 8 - 12 Mei te Goudini	**10**	**11**	**12**	**13**
14 08:00; 10:00 Eredienste Spes.Koll: Taxi bediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) MOEDERSDAG 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**15** 7:00 Bid saam	**16** 18:00 Getuienisbediening	**17**	**18** 08:00 diens **HEMELVAART** (Kerkkantoor gesluit)	**19**	**20**
21 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Getuienisbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 PINKSTER Snr Kategese (Gr 7-11)	**22** 7:00 Bid saam 18:30 Pinkster	**23** 18:30 Pinkster	**24** 18:30 Pinkster	**25**	**26** Opskopper-Rolbaldag	**27**
28 08:00; 10:00 NAGMAAL PINKSTERFEES Spes. Koll: ACVV Onse Rus 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk / Nagmaal Snr Kategese (Gr 7-11)	**29** 7:00 Bid saam Basaarvoorbereiding 18:00 Kerkraad	**30** Basaarvoorbereiding	**31** Basaarvoorbereiding			

Erediens

"God is die kern van ons aanbidding waar almal welkom is" – dis ons belangrikste patroon as geSTUURde gemeente! Die erediens is die eerste plek waar mense moet voel "Hier is ek tuis. Hier is my familie, my vriende". Kerk moet soos kuier by familie voel, 'n tuiste vir ouma en oupa, pa en ma, tiener, kleiner kind en kleuter – net 'n kuier waar ons Hemelse Vader ons saambind. Hier het ons openheid vir verskeidenheid, ook m.b.t. spiritualiteite en generasies. Ons drie dienste het iets van 'n karakter van sy eie:

- 8:00 & 10:00 – **Oggenddienste** het 'n informele aanslag waarin ons die Evangelie relevant tot ons konteks bedien.
- 18:00 – **Kuierkerk**: Hier is lewendige sang met 'n "band" - meer vir jonges. Senior kategese is daarna en 'n ouergroep gesels oor ouersake.

Die Erediensbediening begelei alles rondom die eredienste – lofprysing in musiek en sang, multimedia, klank, dekor en blomme. Kwartaalliks word dienste volgens temas beplan en voorberei.

Diakonie

Ons het nie meer diakens wat in wyke werk nie. Diakonos is 'n Griekse woord wat eintlik "dienskneg" beteken en wat klem lê op diens. Die Ou Testament ken priesters en Leviete wat moes diens doen by die tempel en die Nuwe Testament beklemtoon Jesus as die beste voorbeeld van diensbaarheid (ook diens as Jesus se beste voorbeeld) – tot voetewas! Ons diakens is erediens-diakens wat diens doen by eredienste. Hulle verwelkom mense by die deure, bedien die nagmaal en verrig allerlei take rondom die erediens.

JUNIE 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
				1 Basaarvoorbereiding	**2** Basaarvoorbereiding	**3** DANKFEES BASAAR
4 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes.Koll: ACVV Ons Huis 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) BIDDAG VIR EKOLOGIE 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**5** 7:00 Bid saam	**6** 13:00 Bloedbank 14:30 Omgeebediening	**7**	**8**	**9**	**10**
11 08:00; 10:00 Eredienste Spes.Koll: Kategese 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) BIDDAG: JEUG & KATEGESE 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**12** 7:00 Bid saam	**13** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur Leraarsbeplanning	**14**	**15**	**16** **JEUGDAG**	**17**
18 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Getuienisbediening NUWELIDMAATVERWELKOMING VADERSDAG NAS. BIDDAG VIR BLINDES Geen aanddiens	**19** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**20** 18:00 Aksie Samaritaan	**21**	**22** Opskoppertee	**23** SKOLE SLUIT	**24**
25 09:00 Erediens Spes. Koll: Haven Nagskuiling BIDDAG VIR ALKOHOLISTE / MIDDEL- EN REHABILITASIE AFHANKLIKES Geen aanddiens	**26** 7:00 Bid saam	**27**	**28**	**29**	**30**	**1**

Eiendomme

Die Here het ons 'n historiese en sentrale ligging in Mosselbaai gegee om familie en vriend vir almal te wees.

Die bediening sorg nie net vir die instandhouding van al die eiendomme van die gemeente nie (kerkgeboue, terrein en pastorie), maar moet ook strategies aanpas soos behoeftes vir die bediening verander.

Ons beskou ons eiendomme as gawes wat die Here aan ons toevetrou het waarmee ons ook die gemeenskap wil dien. Gemeenskapsinisiatiewe maak dus ook deur die week van ons fasiliteite gebruik. Vir enige besprekings van lokale, kontak die Kerkkantoor.

Familie

Familiebediening staan op vier pilare. Dis 'n bediening aan: **1) kinders, 2) ouers, 3) families en 4) die gemeente as huisgesin/familie.** Kinders leef en word begelei in die volgende groepe:

- Kleuterkerk (3jr-GrR) Kleiner kinders word deur mammas tydens die 10:00 diens bedien.
- Borrelklub (Gr1 – Gr 3) Die outjies sing sommer lekker saam met 'n Bybel-lessie vanaf 08:50-09:50.
- Junior kategese (Gr 4-6) Pret in die Klipkerk vanaf 09:00-10:00 asook kampe en ander lekker dinge.
- Senior kategese (Gr 7-11) Kuierkerk 18:00, en na afloop van diens word in kleingroepe bymekaar gekom)
- Belydenisklas (Gr 11) Jongmense word hier begelei na ‘n betekenisvolle belydenis van geloof.

Jongmense word jaarliks op kampe geneem. ‘n Jaarlikse uitreik na verskillende sending-bestemmings vorm kinders en bind die groep.

JULIE 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
2 09:00 Erediens Spes. Koll: Gideons DOOP Geen aanddiens	**3**	**4** 13:00 Bloedbank	**5**	**6**	**7**	**8**
9 09:00 Erediens Sin. Koll: Teologie Kweekskool Geen aanddiens	**10**	**11** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur	**12**	**13**	**14**	**15**
16 09:00 Erediens Spes. Koll: Aksie Samaritaan Geen aanddiens	**17**	**18** SKOLE OPEN 18:00 Getuienis - bediening	**19**	**20**	**21**	**22**
23 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Plaaslike Bybelverspreiding 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**24** 7:00 Bid saam	**25** 17:30 Nuwelidmaat - bediening	**26** 09:30 Opskoppers	**27** 10:00 Amandelboord	**28**	**29**
30 08:00; 10:00 Eredienste Sin.Koll: Instituut vir Dowes 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**31** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**Bybelstudiegroepe (tydens skoolkwartale)** Dinsdag - 10:00 vir Dames Woensdag - 11:00 vir Seniors Vrydag - 06:00 Mannegroep				

Kleingroepe

Kleingroepe is 'n plek waar mense kan tuiskom in geestelike familie en vriendekring, geestelik groei, en die teenwoordigheid van God beleef. Dis waar mense mekaar ondersteun, aanvaar, liefhê en dien.

Ons "kleingroepe" sluit selgroepe, Bybel-studiegroepe, diensgroepe en belangegroepe in. Elke groep het 'n eie karakter, samestelling en fokus. Ons groepe bied ruimte dat mense met verskillende belangstelling geestelik saam kan groei.

Seniors

Ons seniors (veral bo sestig) is ook 'n belangrike komponent van ons "Familie" en daarom wil ons hulle op 'n spesiale manier bedien. Die bediening het drie pilare nl.

- **Die Opskoppers** is die ontspannings-been. Ons hou kwartaalliks 'n opskopbyeenkoms wat 'n gesellige kuier, daguitstappie of kort toer kan wees.
- **Geestelike pilaar** - Senior Bybelstudie word op Woensdae deur Ds.Henri gelei.
- **Amandelboord** is ons omgee-been. Hier poog ons om al ons lidmate ouer as **85** op 'n gereelde basis te besoek en om hulp te verleen waar moontlik.

AUGUSTUS 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
		1 13:00 Bloedbank 14:30 Omgeebediening	**2**	**3**	**4**	**5**
6 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes.Koll: Huis Elsje 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**7** 7:00 Bid saam	**8**	**9** VROUEDAG	**10**	**11**	**12**
13 08:00; 10:00 Eredienste Spes.Koll: Arbeidsbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**14** 7:00 Bid saam	**15** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur 17:30 Diakonie	**16**	**17**	**18**	**19**
20 08:00; 10:00 NAGMAAL Spes. Koll: Creating Effective Families (CEF) 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk/NAGMAAL Snr Kategese (Gr 7-11)	**21** 7:00 Bid saam	**22** 18:00 Aksie Samaritaan	**23**	**24**	**25**	**26**
27 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Getuienisbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) BYBELSONDAG 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**28** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**29**	**30**	**31**	OPSKOPPERTOER: 28 - 31 AUGUSTUS 2023	

Aksie Samaritaan

Die Here stuur ons om familie en vriend vir almal te wees. AKSIE SAMARITAAN doen dit deur die fisiese, geestelike, en emosionele nood van geïdentifiseerde behoeftige gesinne in die gemeente te help verlig. Ons doen dit deur maandeliks 'n gebalanseerde kospakkie aan hierdie persone/gesinne te gee. Hierdie gesinne kom haal self hul kospakkie by die klipkerk waar ons dan as 'n kleingroep funksioneer. Hier lees ons uit die Woord en deel lief en leed met mekaar. Ons ondersteun ook hierdie gesinne se skoolgaande kinders met hul skoolbenodigdhede. Ons bedien tans 25 gesinne en besoek hulle gereeld om hulle te bemoedig, saam te lees uit die Bybel en vir hulle te bid.

Elke jaar tydens ons kersdienste word 'n spesiale dankoffer opgeneem wat dan as 'n fonds dien waardeur hierdie geïdentifiseerde mense/gesinne gehelp kan word. Deur middel van die fondse wat ons in met die jaarlikse Desember fondsinsameling, die Engeltjie-Projek, word 'n spesiale kersdag-kospakkie aan hierdie gesinne voorsien.

Omgeebediening

Die Omgeebediening is God se hart en hande in aksie vir ons familie in nood. Nood mag wees besoeke aan mense wat siek is in hospitale of tuis, deernis tydens afsterwe van 'n geliefde of net gebedsondersteuning.

Ons lede bedien Ons Huis, Onse Rus en Benevolant Park tehuise met verskeie dienste soos sang, lees en noodsaaklike daaglikse behoeftes wat mag ontstaan. Lidmate lewer ook vrywillige diens by Alzheimer tehuis – Huis Elsje. Hier gebruik ons die kans om God se grondgebied te versterk.

Gee asb name van siekes of mense wat ondersteuning benodig deur aan die leraars of Kerkkantoor sodat ons dit kan opvolg.

Die Deernisbediening sien om na die behoeftes van familie en vriende by 'n roudiens.

SEPTEMBER 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
					1	**2**
3 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Sin.Koll: Bediening aan dowes 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) NAS. BIDDAG VIR DOWES 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**4** 7:00 Bid saam	**5** 13:00 Bloedbank 14:30 Omgeebediening	**6**	**7**	**8**	**9**
10 08:00; 10:00 Eredienste Spes.Koll: Erediensbediening Toerustingsondag 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**11** 7:00 Bid saam	**12** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur	**13**	**14**	**15**	**16**
17 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Getuienisbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**18** 7:00 Bid saam	**19** Leraarsbeplanning 18:00 Getuienis - bediening	**20**	**21**	**22**	**23**
24 08:00; 10:00 Eredienste Sin. Koll: Bediening aan Jode NUWELIDMAATVERWELKOMING ERFENISDAG Geen aanddiens	**25** PUBLIEKE VAKANSIEDAG	**26**	**27**	**28**	**29** SKOLE SLUIT	**30**

Finansies

Die gemeente se begroting word opgestel en bestuur deur die bediening. Dankoffers word nie meer by huise gekollekteer nie, maar dit is lidmate se eie verantwoordelikheid om te gee "*soos hy hom in sy hart voorgeneem het*" (2 Kor 9:7).
Lidmate gee hulle dankoffers in koeverte of as kollekte by eredienste, maar veral d.m.v. elektroniese oorplasing. Kaartfasiliteite en Snapscan is ook beskikbaar.

Getuienisbediening

Die Getuienisbediening is die Here se voertuig wat die gemeente moet begelei om die Evangelie hier plaaslik en tot aan die uithoeke van die wêreld te dra. Ons uitgangspunt is Matt. 24:14 en Hand. 1:8.
In gehoorsaamheid aan die Here reik ons daarom uit na sendelinge en sendingprojekte nie net plaaslik nie maar ook ver buite die grense van ons land.

Plaaslik is ons betrokke by die Haven Nagskuiling, Arbeidsbediening, Taxibediening, Love Chinese en Mossliefde asook Bybelverspreiding.

Buite die gemeente is ons betrokke en ondersteun ons sendelinge in die volgende gebiede: Makatini vlakte, Mosambiek, Panama, Suid-Soedan, Madagaskar en Nepal. Ons is ook betrokke in die Arabiese gebiede via In-Context.

Aan die begin van elke jaar, einde Februarie het ons 'n sendingnaweek waar ons ook ons geloofoffers weer hernu.

Indien jy graag betrokke wou raak by die Getuienisbediening kan jy die Kerkkantoor kontak.

OKTOBER 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
1 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes.Koll: Opskoppers BIDDAG VIR BEJAARDES Geen aanddiens	**2**	**3** 13:00 Bloedbank	**4**	**5**	**6**	**7**
8 08:00; 10:00 Eredienste Spes.Koll: DBV Mosselbaai Geen aanddiens	**9**	**10** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur SKOLE OPEN	**11**	**12**	**13**	**14**
15 08:00; 10:00 Eredienste Sin. Koll: Hospivision 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) BID vir GESONDHEIDSDIENSTE 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-11)	**16** 7:00 Bid saam	**17** 17:30 Nuwelidmaat - bediening 18:00 Aksie Samaritaan	**18** 09:30 Opskoppers	**19** 10:00 Amandelboord	**20**	**21**
22 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: KANSA 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) BELYDENIS VAN GELOOF 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-10)	**23** 7:00 Bid saam	**24** 17:30 Diakonie	**25**	**26**	**27** OMGEEBEDIENING GOLFDAG	**28**
29 08:00; 10:00 NAGMAAL HERVORMINGSFEES & 10de maand dankoffer 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk / NAGMAAL Snr Kategese (Gr 7-10)	**30** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**31**	**Bybelstudiegroepe (tydens skoolkwartale)** Dinsdag - 10:00 vir Dames Woensdag - 11:00 vir Seniors Vrydag - 06:00 Mannegroep			

Diensverhoudinge

'n Bekwame en ervare span mense begelei die prosesse rondom die permanente en tydelike personeel van die gemeente. Dit sluit dinge in soos die evaluering van personeelbehoeftes van die gemeente, in samewerking met die kerkraad en dan werwing, aanstelling, kontrakte, personeelbehoeftes, salarispakkette en opleiding. Dieselfde geld predikantebegeleiding, maar by aanstelling volg dit die pad van betrokkenheid by pre-advies en aanbeveling na die kerkraad vir beroeping.

Gasvryheid

Familie kuier mos saam en ons roeping is dan om familie en vriend vir almal te wees! So, ons kuiers om die gemeentehuis met goeie koffie en tee Sondagoggende is nou waar "familie" stories gedeel word. Die Bediening help sommer ook by ander funksies en is altyd gereed om byeenkomste op te vrolik. Daar's meer hande van helpers nodig om die kuiers baie meer te maak

Nuwe lidmate

Ons het 'n span mense wat nuwe mense by die eredienste verwelkom en regstaan om hulle van die nodige dokumentasie te voorsien en besonderhede te neem. Hulle volg dit dan op met die lidmate. Hulle moet dan juis van "vreemdelinge" vriende en familie maak deur lidmaatskapsake te hanteer en nuwe mense te help om iewers by 'n bediening in te skakel. Die Bediening reël ook kwartaalliks 'n verwelkomingsfunksie vir nuwe lidmate.

NOVEMBER 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
			1	**2**	**3**	**4**
5 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes.Koll: Doopbybels 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-10)	**6** 7:00 Bid saam	**7** 13:00 Bloedbank 14:30 Omgeebediening	**8**	**9**	**10**	**11**
12 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Getuienisbediening 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-10)	**13** 7:00 Bid saam	**14** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur Leraarsbeplanning 18:00 Getuienis - bediening	**15**	**16**	**17** Opskopperafsluiting	**18**
19 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Engeltjieprojek 09:00 Jnr Kategese (Gr 1-6) Bid vir Beskermingsdienste 18:00 Kuierkerk Snr Kategese (Gr 7-10)	**20** 7:00 Bid saam	**21** 18:00 Aksie Samaritaan	**22**	**23**	**24**	**25**
26 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Kenani 19:00 KERSSANGDIENS	**27** 7:00 Bid saam 18:00 Kerkraad	**28**	**29**	**30**		

Kommunikasie

Die uitdra van die Evangelie gaan eintlik oor kommunikasie! En vandag is daar verskeie maniere om die Here se werk in en deur ons gemeente te kommunikeer – met stem en mikrofoon, met musiek, met selfoontoepassings en internet (Facebook, webtuiste en epos) en natuurlik op skrif. Die Familienuus, 'n Familiekontak (kwartaalblad) en kalender moet skriftelik van God se werkinge in en deur die gemeente berig.

Gebed

Ons leef in afhanklikheid van die Gees. Die gebedsbediening inisieer en koördineer ons biddende afhanklikheid van God, o.a. deur die Wagters op die mure (Maandagoggende), begeleiding van spesiale tye vir voorbidding, gebedsketting en hantering van gebedsversoeke.
Die Nasionale dag van gebed en transformasie word jaarliks in samewerking met verskeie kerke geloods.
Gebedsversoeke kan aan die leraars of kantoor deurgegee word.

Basaar

Basaar is GROOT in Mosselbaai! Die aanloop het jare gelede begin toe die gemeente amper bankrot was en begin is met kollekte deur basaar-lyste om vleis aan te koop. Nou het dit ‘n Kalahari-konneksie waar ‘n lidmaat hier en sy vennote in die Kalahari jaarliks vee voorberei en skenk. Die vleis word in 'n groot
spanpoging hier verwerk . Die sukses van die basaar word gebaseer op lidmate se bereidheid om tyd, gawes en diens te gee. Die samewerking maak dit elke jaar ‘n reuse familie-kuier.

DESEMBER 2023

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
					1	**2**
3 08:00; 10:00 Eredienste DOOP Spes.Koll: Erediensbediening Aksie Samaritaan Engeltjieprojek NUWELIDMAATVERWELKOMING Geen aanddiens	**4** 7:00 Bid saam	**5**	**6**	**7**	**8**	**9**
10 08:00; 10:00 Eredienste Spes.Koll: Instandhouding Aksie Samaritaan Engeltjieprojek Geen aanddiens	**11** 7:00 Bid saam	**12** 09:00 Aksie Samaritaan kos uitdeel en biduur	**13** SKOLE SLUIT	**14**	**15**	**16** VERSOENINGSDAG
17 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Streetwise Geen aanddiens	**18**	**19** 13:00 Bloedbank	**20**	**21**	**22** 09:00 Aksie Samaritaan Kersdag kospakkie	**23**
24 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Gasvryheid Geen aanddiens	**25** **KERSDAG** Dienste in die Kerk: 06:30, 08:00 en 09:30 Klipkerk: 08:00 en 09:30 Spesiale kollekte: Aksie Samaritaan	**26** WELWILLENDHEIDSDAG	**27**	**28**	**29**	**30**
31 08:00; 10:00 Eredienste Spes. Koll: Plaaslike Bybelverspreiding **18:00 Oujaarsdiens**						